## AKTRISE IN 'DIEPE WATERS' EN '7DE LAAN'

# Sý gaan boere help vrou soek

## Reandi Grey het self op plaas grootgeword

**Ané van Zyl**

Heelparty kykers van die gewilde maatsoekreeks *Boer soek 'n vrou* het reg geraai – die nuwe aanbieder van die reeks is die aktrise en entrepreneur Reandi Grey (35).

Dit is gisteraand onthul in die kykNET-joernaalprogram *Bravo!*, waarvan die huidige aanbieder van *Boer soek 'n vrou*, Marciel Hopkins, ook 'n aanbieder is.

Grey is bekend om haar *Diepe waters*-karakter, Anja, en die karakter Esti in *7de Laan*, en sy is ook die eienaar van haar eie kleurvolle klerereeks, GreyC.

"Ek wou nog altyd jou werk gehad het," het Reandi aan Marciel gesê.

"Ek het net een oggend 'n boodskap vir iemand by kykNET gestuur en gevra waarheen ek 'n nier kan stuur om deel te word van *Boer soek 'n vrou*.

"Hulle was toe reeds klaar met die oudisieproses, maar ek kon nog dieselfde dag video's van myself instuur. Daarna het hulle my Kaapstad toe genooi en daar was 'n klomp *girls*. Twee weke daarna het hulle my laat weet ek het die rol."

Reandi sê sy het self op 'n plaas grootgeword, haar oupa s'n, waar sy vinke geskiet, varke kosgegee en eiers uitgehaal het.

"Ek wou op 'n plaas wees. Ek wou aanvanklik inskryf vir een van die boere, maar toe ontmoet ek my man. Hy is nie 'n boer nie, so toe móés ek net die program aanbied!"

Reandi en haar man, Dewald, is in 2017 getroud en het twee dogtertjies, Heidi (5) en Lente (2).

Sy het ook bekende vriende soos die *Real Housewives*-sterre Rhona Erasmus en Renske Lammerding, en is al op Instagram gesien saam met glanspersoonlikhede soos die sangeres Karlien van Jaarsveld en die sanger en fotograaf Willem Botha.

Marciel het haar gevra of dit moeilik gaan wees om vir lang tye weg van die huis te wees vir die verfilming op die boere se plase.

"Ek dink dit is nie die enigste ding waarteen ek opsien of wat my benoud maak nie," het Reandi gesê. "Maar ek weet dit sou nie gebeur het as ek dit nie kan hanteer nie."

Die twee het ook gepraat oor die feit dat Reandi haar eie uitrustings vir die program sal kan kies – moontlik ook uit haar eie klerereeks.

Sy moet tot 58 uitrustings voorberei. "Ek kan so lekker speel. Dit is nie heeltemal in my hande nie, daar is baie ja's en nee's. Maar dis lekker."



Die aktrise en entrepreneur Reandi Grey (35) wat die 17de reeks van *Boer soek 'n vrou* gaan aanbied. Foto: VERSKAF

## Grey beantwoord 'n paar vrae

**1. Hoe voel dit vir jou om die sewende aanbieder van *Boer soek 'n vrou* te word?**
Dis vir my so lekker! Daar is nou ses ander *girls* op wie se knoppies ek kan druk. Ek dink ook die aard van die program is baie lekker, want elke boer, elke plaas en elke verhouding is anders.

Ek weet daar's nie 'n spesifieke bootjie waarin ek moet pas nie, en ek kan net my eie styl bring. Dis 'n baie groot voorreg om deel te kan wees van dié handelsnaam.

**2. Hoekom dink jy is die reeks so gewild?**
Ek dink daar's twee redes. Eerstens is dit 'n baie outentieke program. Daar word nie rêrig ingemeng nie, daar word nie die beste of mooiste gekies nie. Dis regte boere met regte dames wat inskryf, regte gevoelens, regte verhoudings. Dit is waarin mense belang stel, dit is wat hulle wil sien en hoor.

En dan, natuurlik, die wonderlike Suid-Afrikaanse kultuur – om deel te wil wees en om deel te wil neem.



Foto: WILLEM BOTHA

*Boer soek 'n vrou* is 'n verwelkomende program wat voel of jy in jou huis deel word daarvan. Ek dink van die *show* én die kykers se kant af is dit goeie spanwerk wat die program so gewild maak.

**3. Het jy 'n boodskap vir Marciel?**
Baie, baie dankie vir die groot verwelkoming, vir al die inspirasie, vir al die notas, die aanmoediging, vir al die wenke vir die langpad… En dan wil ek ook net vir haar sê dankie vir hoe mooi sy gekyk het na *Boer soek 'n vrou*, en dat ek my kan aansluit by 'n program waarvoor mense lief is, waarvan hulle hou en wat hulle waardeer.

Sy het dit so mooi vertolk en so mooi gedoen, en met soveel passie en elegansie gedoen dat dit 'n program is waarvoor mense so lief is. Dankie, Marciel, dat ek kan instap in 'n gesonde werksomgewing en 'n geliefde program.

**4. Wat is jou boodskap aan kykers?**
Suid-Afrika, ek weet ek het groot skoene om vol te staan, maar ek voel ek is gereed, ek voel ek gaan ingaan om vriende te maak en dan vriende te probeer help om liefde te vind. Ek hoop julle aanvaar my in jul huise en dat julle die pad saam met my sal geniet.

■ Die top-10 boere vir die 17de seisoen sal op Sondag 29 Oktober in 'n spesiale uitsending om 20:00 op kykNET aangekondig word. Voornemende pasmaats sal dan hul beurt kry om vir dié boere briewe te skryf. Die reeks sal in die tweede helfte van 2025 uitgesaai word.

# Dié paartjies voel vonk van liefde in 'Boer soek vrou'

**Ané van Zyl**

In plaas daarvan dat die boere met hul pasmaats aan hul sy by die *Boer soek 'n vrou*-reünie aangekom het, het die boere vanjaar alleen opgedaag – maar die pasmaats was nie ver agter nie.

Die klein verandering aan die formaat van die episode het behels dat die 10 boere wat in die reeks verskyn het eers instap en die pasmaats een-een daarna.

Die ses vroue wat ingestap het by die Doolhof-wynlandgoed buite Wellington was Marisca vir Daandré (26) van Brits, Noordwes; Danelle vir JW (24) van Villiersdorp in die Wes-Kaap; Ria vir Quintus (39) van Winburg in die Vrystaat; en Mikal vir Niel (30) van Dannhauser in KwaZulu-Natal.

Daar was ook twee nuwe gesigte vir die Vrystaatse boere: Jess vir Hendri (31) van Dewetsdorp en Bianca vir Lulani (40) van Philippolis.

Hoewel Mikal en Niel steeds net vriende is, het dit gelyk of die liefdesvure nog hoog brand vir die ander boere.

Hendri, wat uit die reeks onttrek het omdat hy deur die liefdespyl getref is nog voordat met die verfilming begin is, het vir Jess na die reünie saamgebring.

Die tweetjies het gesê hulle is smoorverlief. Jess het vertel hulle het mekaar onregstreeks deur die reeks ontmoet. Sy video (in aanloop tot die reeks) het haar gemotiveer om na hom uit te reik.

Hendri het gesê ná hul eerste ontmoeting in Stellenbosch was hy "heeltemal in verwondering en het hy net geweet". Hulle was ten tyde van verfilming in April al bykans vier maande saam en "nie 'n enkele oomblik spyt nie", het Hendri gesê.

Lulani het vir Bianca gebring, wat sy nie deur die briewe ontmoet het nie, maar by 'n troue. "Sy het gedink ek's 'n juweel," het Lulani gesê. Ná hul ontmoeting het Bianca vir Lulani 'n brief geskryf en hulle het selfs by mekaar se families gaan braai soos wat dit op *Boer soek 'n vrou* gedoen word.

JW en Danelle was op die reünie reeds amptelik 'n paartjie, en so ook Daandré en Marisca.



Die vier enkellopendes is Jacques, Janco, André en Sanel. Foto: VERSKAF



Lulani (40) van Philippolis en haar pasmaat, Bianca (regs), wat sy by 'n troue ontmoet het. Foto: GYS LOUBSER



Hendri (31) van Dewetsdorp en sy meisie, Jess, wat hy ontmoet het nog voordat die 'Boer soek 'n vrou'-verfilming begin het. Foto: VERSKAF

> **Sy het gedink ek's 'n juweel.**
> — BOER LULANI

**Niel en Mikal**

Marciel Hopkins, die aanbieder, het Niel en Mikal onder vier oë gespreek en wou veral by Niel weet of hy in die toekoms 'n verhouding met Mikal sien.

Sy antwoord was weer dat die tyd sal leer. Mikal het gesê: "Ek het vir die regte intensies ingeskryf en hy weet waar hy met my staan. Ek gun hom tyd, maar 'n mens kan dalk verby mekaar begin leef en die emosionele verhouding bly agter."

*Die Burger* verneem dat die twee is tot vandag toe steeds net vriende.

**Quintus en Ria**

Quintus het gesê hy is baie tevrede oor hoe sy dogtertjie, Reeza, vir Ria ervaar, terwyl Ria gesê het sy wens Quintus kom meer gereeld na haar toe om haar leefwêreld beter te leer ken.

Hy het gesê planne word gemaak vir 'n volgende kuier nadat hy die stropery op sy plaas afgehandel het.

"Wat nog voorlê, is die finale stap van: 'Ek is lief vir jou en wil hê jy moet my meisie wees'," het Quintus gesê.

*Die Burger* verneem dat die twee se paadjies intussen geskei het, maar dat alle hoop nie verlore is nie. Hou *Die Burger* dop vir meer hieroor.

**Die enkellopendes**

André (31) van Modimolle (Nylstroom) in Limpopo het oor die land heen gereis en sy lugtyd opgebel om baie van die vroue te ontmoet wat vir hom briewe geskryf het.

Maar hy het nog nie die vonkie gevind waarna hy soek nie. Daar is egter 'n paar afsprake wat op hom wag, het hy gesê.

Janco (37) van Colesberg in die Noord-Kaap het gesê daar was een brief wat vir hom uitgestaan het en hy het lekker gekliek met die skrywer daarvan.

Hulle gesels nog en daar is al 'n paar keer saamgekuier. Maar hy verklap nie meer oor haar nie.

Jacques (26) van Venterstad in die Oos-Kaap het gesê hy het dinge met Nicole 'n kans probeer gee, maar hy "kan nie iets forseer as daar niks van sy kant af is nie".

Hy is oortuig daarvan sy gaan binnekort iemand anders ontmoet.

Hy sê hy voel anders ná sy verskyning op die program.

"Ek voel die proses maak 'n mens 'n bietjie meer volwasse en jy moet meer dink oor jou emosies."

Geen van die briefskrywers was vir Sanel (39) van Dwaalboom, Limpopo, belowend nie, maar sy het gesê sy het nog hoop dat sy iemand gaan ontmoet wanneer sy dit nie verwag nie.

**Totsiens, Marciel**

In die laaste episode waarvan Marciel deel was, het Daandré haar namens die groep boere en hul metgeselle bedank. Hy het namens hulle 'n strandsak aan haar present gegee.

Sy het gesê *Boer soek 'n vrou* "het 'n hele nuwe wêreld vir my oopgemaak, die platteland vir my oopgemaak en ek was nog nooit so trots op my land, ons taal, ons kultuur, boere en natuurlik die liefde nie".

■ Die top-tien boere vir die 17de seisoen sal op Sondag 29 Oktober ten tyde van 'n spesiale uitsending om 20:00 op kykNET aangekondig word. Voornemende pasmaats sal dan hul beurt kry om vir dié boere briewe te skryf.

Die reeks sal in die tweede helfte van 2025 uitgesaai word.

■ Sedert die reünie-episode in April vanjaar verfilm is, is die volgende paartjies steeds gelukkig saam: JW en Danelle; Daandré en Marisca; Lulani en Bianca; en Hendri en Jess.

## Kopie van VSA-grondwet word ná 237 jaar opgeveil

'n Seldsame eksemplaar van die Amerikaanse grondwet wat 237 jaar gelede gedruk is en aan die state gestuur is om bekragtig te word, is gisteraand in Noord-Carolina opgeveil.

'n Minimum bod van $1 miljoen was reeds daarvoor gemaak, berig Associated Press. Die kopie van 1787 is een van ongeveer 100 kopieë wat deur die destydse sekretaris van die Amerikaanse kongres, Charles Thomson, gedruk is. Daar is sover bekend net agt kopieë wat nog bestaan, waarvan sewe in openbare besit is.

Die kopie wat gisteraand opgeveil is, is twee jaar gelede in 'n huis in Edenton in die ooste van Noord-Carolina gevind wat eens deur Samuel Johnston besit is. Hy was van 1787 tot 1789 die goewerneur van Noord-Carolina en het gedurende sy laaste jaar in die amp toesig gehou oor die staatskonvensie wat die grondwet bekragtig het.

Die laaste keer wat 'n kopie van die grondwet wat aan die state gestuur is verkoop is, was in 1891 vir $400, berig Newsweek. Die veiling sou aanvanklik in September gehou word, maar afslaers moes dit uitstel weens die grootskaalse skade wat die orkaan Helene in Noord-Carolina aangerig het, berig *The Guardian*.

**AVBOB ONDERLINGE VERSEKERINGSGENOOTSKAP**
**KENNISGEWING AAN LEDE**
**ALGEMENE JAARVERGADERING**

AVBOB Onderlinge Versekeringsgenootskap se 73ste Algemene Jaarvergadering vind plaas om 09:00 op Woensdag, 20 November 2024. Die vergadering sal gehou word te 5 Impala Avenue, Irene Link Office Park, Building D, Doringkloof, Centurion, 0157.

**Die volgende sake sal hanteer word:**
1. Die verslae van die Direkteure, Ouditkomitee, Maatskaplike en Etiese Komitee, Ouditeure, asook die finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2024
2. Verkiesing van Nie-Uitvoerende Direkteure
3. Vergoeding van Nie-Uitvoerende Direkteure
4. Verkiesing van Ouditeure
5. Vergoeding van Ouditeure
6. Verkiesing van Ouditkomitee

Volledige besonderhede kan gevind word op die webtuiste www.avbob.co.za.

**Toegang:** Daar sal van lede en gevolmagtigdes verwag word om bevredigende identifikasie te verskaf.

**Navrae:** Vir finansiële state, inligting oor die aanstelling van gevolmagtigdes en enige ander navrae, tree in verbinding met die Bestuurder: Regsake en Maatskappy Sekretaris by xdzakwa@avbob.co.za, of besoek www.avbob.co.za.

AVBOB Onderlinge Versekeringsgenootskap
5 Impala Avenue
Irene Link Office Park, Building D
Doringkloof
CENTURION
0157
Tel: 012 303 1257
E-pos: maudem@avbob.co.za

AVBOB MUTUAL SOCIETY

***AVBOB is 'n gemagtigde finansiële dienste verskaffer en gelisensieerde Lewensversekeraar. FSP 20656***

DBHS24-DB181024

SEA POINT City Improvement District

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering**

Die .Sea Point City Improvement District NPC gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2025/2026.

**Datum:** 13 November 2024
**Tyd:** 10h30
**Plek:** Protea Hotel Marriott Arthurs Road Sea Point

Net bona fide-lede van die .Sea Point City Improvement District kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die .Sea Point City Improvement District se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 6 November 2024 geregistreer wees

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.seapointcid.co.za (CID-webwerf) of bel 021 434 1234.**

MMID Montague Gardens-Marconi Beam Improvement District

OUR AREA, OUR COMMUNITY, OUR SAFETY, OUR SHARED RESPONSIBILITY

**MONTAGUE GARDENS-MARCONI BEAM IMPROVEMENT DISTRICT NPC**

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering
Die Montague Gardens Marconi Beam Improvement District NPC (MMID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2025/2026.

**Datum:** 12 November 2024
**Tyd:** 11:00 vm
**Plek:** Milnerton Biblioteek

Net bona fide-lede van die **MMID** kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die **MMID** se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 5 November 2024 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.mmid.org.za of bel 021 200 5975**

GROOTE SCHUUR Community Improvement District

**Kennisgewing van algemene jaarvergadering**

Die **Groote Schuur Community Improvement District** NPC (GSCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.

**Datum: 2024-11-14 Tyd: 16:30 Plek: Belmont Besigheids Park**

Net bona fide-lede van die (GSCID) kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die (GSCID) se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 2024-11-05 geregistreer wees.

Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar indien, waarna die Raad die aansoek kan goedkeur, sou besware nie van minstens 51% van bykomende-belasting-betalers ontvang word nie.

Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendoms-besitters, inwoners, huurders, regs-persone, burgerlike organisasies en nieregerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaar-sakeplan indien.

**Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.gscid.co.za (GSCID-webblad). Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos info@gscid.co.za of skakel 021 685 8185**

00000000-DB181024

Guillaume Nel environmental consultants

**PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**
**GNEC Reference No: 20901, DEA&DP Reference No: n/a**

**REQUEST REGISTRATION FOR RENEWABLE ENERGY SOURCE: THE PROPOSED DEVELOPMENT OF A 11MW PV PLANT ON THE REMAINING EXTENT OF FARM 253, WELTEVREDEN, LAINGSBURG, WESTERN CAPE**

**Project Proposal:** Guillaume Nel Environmental Consultants (GNEC) has been appointed by the Imvelo Renewable Energy (Pty) Ltd to facilitate the Request for Registration in terms of the "Norm for Exclusion of the development and expansion of solar photovoltaic facilities in areas of low or medium environmental sensitivity" for the proposed development of a 11MW PV Plant on the Remaining Extent of Farm 253, Weltevreden, Laingsburg, Western Cape. The proposed development aims to assist the Laingsburg Municipality with electricity supply and to establish renewable energy as a source to serve as alternative electrical supply to meet the demand of the area. The electricity produced by the PV Plant will be transferred to the adjacent Swartberg Substation prior to being distributed for municipal use. The proposed development will result in increased electrical infrastructure capacity constraints related to ESKOM.

**Location:** The proposed site is located ±30km Southeast from Laingsburg, outside of the demarcated urban edge. The proposed development extent sits at the foothills of the Swart Berg Mountains/Rooinek Pass and has a gradually slope from North to South with an average slope percentage of 6%. The Swartberg Substation is located directly West of the site and vacant open land zoned for agriculture is located to the East and South of the site. The R323 runs directly South of the site.

**Application for environmental authorization to undertake the following activity:**
**EIA activities:** Request for Registration being made in terms of the *"Norm for the exclusion of the development and expansion of solar photovoltaic facilities in areas of low or medium environmental sensitivity" as approved on 27 March 2024.*

**Opportunity to participate:** Individuals interested and/or affected by the proposed project are invited to register and comment with Guillaume Nel Environmental Consultants as an Interested and Affected Party (I&AP). I&APs should refer to the GNEC reference no. 20901 in all correspondence, and must provide their details including: Name, contact details, preferred method of correspondence (e.g. e-mail address or fax number) and an indication of any direct business, financial, personal or other interest which they have in the application to the contact person indicated below from **Friday, 18 October 2024 until Tuesday, 19 November 2024**. A copy of the document currently under review will be available on the GNEC website (www.gnec.co.za). **A hard copy or an electronic copy of the document can be made available on request.** For more information contact: **Mrs. Euonell Visagie** or **Mr. Steve September**, Guillaume Nel Environmental Consultants, PO Box 2632, Paarl, 7620, (Tel): **021-870 1874** (Fax): **021-870 1873**, email: **eg@gnec.co.za / steve@gnec.co.za**

**UITNODIGING NA DIE VOLGENDE KWARTAALVERGADERING VAN DIE PERMITADVIESFORUM VERGADERING**
PERMITTE VIR KUSWATERUITVLOEISEL

Belanghebbende en geraakte partye word uitgenooi om die volgende kwartaalvergadering van die Stad Kaapstad se permitadviesforum by te woon wat gestig is om sake met betrekking tot die permitvoorwaardes vir kuswateruitvloeisel vir die Stad se uitvloeipunte in die see by Kampsbaai, Houtbaai en Groenpunt te bespreek. Die moniterings- en verslagdoeningsvereistes vir die Stad se voortgesette bedryf van hierdie uitvloeipunte onder die permitvoorwaardes vir kuswateruitvloeisel sal bespreek word.

**Vergaderingsbesonderhede:**
Datum: Maandag 28 Oktober 2024
Tyd: 09:00 - 12:00
Plek: Raadsaal, 6de verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad
RSVP: charles.rudman@capetown.gov.za

**Vir nog inligting, stuur 'n e-pos na communications.waterandsanitation@capetown.gov.za.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA126/2024

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.